TOEKOMSBLIK Só BETER
Alles nie negatief
Piet Strauss

Die afgelope jare lyk die toekomsverwagting onder lede van feitlik alle groepe in Suid-Afrika nie rooskleurig nie. In so 'n voorbeeld skemer negatiwiteit by swart kerkleiers in gesprekke sterker en skerper deur as by ander kerkleiers.

Negatiwiteit oor die toekoms in Suid-Afrika is nie 'n tendens wat net onder middeljarige Afrikaners voorkom nie. Van die ongeveer een miljoen blankes wat die land sedert 1994 verlaat het, is die meeste tussen 18 en 35 jaar oud. Mense wat met 'n beroepsloopbaan of 'n gesin wil begin.

Daarby toon markopnames 'n afwaartse neiging in toekomshoop by baie mense.

Selfs scenarios soos die bekende Dinokengscenarios toon 'n aarselende optimisme oor die toekoms. 'n Stelling wat skynbaar wye steun geniet, is dat 'n goeie toekoms net moontlik is as die regering en die burgerlike samelewing hande vat.

In die onlangse gesprek tussen 'n afvaardiging van die ANC onder sekretaris-generaal Gwede Mantache en leiers uit die Afrikanergemeenskap is 'n voorstel van laasgenoemde aanvaar dat die regering persone uit die gemeenskap op werkskomitees betrek om te help met oplossings in probleemareas. Voorbeelde wat genoem is, is onderwys, landbou (die herverdeling van grond en die behoud van produktiwiteit is hoog op die agenda) en die bekamping van misdaad.

'n Saak wat ek hierdie Aprilvakansie ook by Voortrekkerkampe in Limpopo, die Vrystaat en die Oos-Kaap teengekom het, is gesprekke oor "Toekomsblik".

Die kernvraag wat gevra is, is: Wat in Suid-Afrika gee jou moed vir die toekoms?

Die reaksie van hierdie jong Afrikaners is minder aarselend as die van sommige scenarios waarna ek reeds verwys het. Tog is hulle nie ooroptimisties nie. Hulle kan waarskynlik nie eers as "versigtig optimisties" beskryf word nie. Miskien vat die woord "positief" hulle houding beter raak.

Vir hierdie jonges waarvan die meeste gevorderd op hoërskool is, lê die eerste rede vir 'n toekomshoop of 'n beter blik op die toekoms in die feit dat die Here God of die God van die Bybel steeds in Suid-Afrika teenwoordig en werksaam is.

Waar die Here werk, is daar vir die gelowiges ook werk én daarom 'n toekoms.

Natuurlik is dit 'n geloofstandpunt wat nie op menslike denkskemas bou nie. Maar vir dié jongmense, soos vir ander Christengelowiges, is die aktiewe teenwoordigheid van God in ons wêreld 'n realiteit. Vir hulle is Hy die lewende God en nie die vlug van ons verbeelding nie.

Daarby sien hulle dit as God se bekikking dat die Afrikaner in Suid-Afrika teenwoordig is.

'n Tweede positiewe faktor wat hulle opper, is die ruimte wat ons bestaande grondwet aan ons gee om voluit te lewe: met burgerregte wat ons binne die staat én in die res van die gemeenskap kan uitoefen. Regte soos vryheid van assosiasie, godsdiens, taal, kultuur, spraak, besigheidsinisiatiewe en die reg op lewe.

Afrikaners is na 1994 na die rand van politieke besluitneming in Suid-Afrika verplaas (selfs al word hulle ANC), maar besit nie oor minder burgerlike vryhede as voorheen nie. Daarby lê die finale besluit oor gehoorsaamheid aan die grondwet nie by politici of die parlement nie, maar die Grondwetlike Hof. 'n Hof wat 'n goeie selfstandigheid toon.

Die huidige grondwet (van 1996) is mensewerk en daarom hersienbaar. Tog verskaf dit – as die hoogste wet van die land – 'n bruikbare regsraamwerk waarbinne ons kan lewe.

Die derde faktor wat aan die jonges moed vir die toekoms gee, is die begrip "netwerke".

Netwerke word gevorm deur daardie mense wat by 'n sekere saak belang het en mekaar daarin ondersteun. Dit ontstaan spontaan, maar kan ook georganiseer word. Netwerke vorm binne kerke, ander groepe en organisasies en kan tydelik of meer permanent wees.

'n Sprekende voorbeeld van die effek van 'n netwerk, blyk uit die Voortrekkeropname wat in 2005 onder 200 Voortrekkers en 200 nie-Voortrekkers gemaak is.

Die Voortrekkers in die ondersoek was in die algemeen meer positief oor die toekoms en hulle eie lewensmoontlikhede in Suid-Afrika as die nie-Voortrekkers. Hulle houding het iets weerspieël van die standpunte wat hulle ook tydens gesprekke en by besluite in Die Voortrekkers inneem. Die Voortrekkers vorm vir hulle 'n netwerk.

Daarby maak dit hulle emosioneel meer seker as hulle saam met ander Voortrekkers na skool iewers begin: by 'n universiteit of 'n technikon of vir werk. 'n Netwerk wat my belange deel en bevorder, dit blyk ook uit ander opnames, skyn een van die antwoorde vir 'n nuwe geslag te wees. 'n Verskynsel wat 'n ou waarheid opnuut verwoord.

Die vierde rede wat hierdie jonges positief oor die toekoms stem, is die gemoedstoestand van hulle tydgenote. Tydgenote wat glo dat probleme in Suid-Afrika óók as geleenthede wat die Here oor ons pad bring, gesien moet word.